Riglyne vir die oprigting en bestuur van plaagdoderstore op plase

Dr Gerhard H Verdoorn, CropLife Suid-Afrika

gerhard@croplife.co.za; 082 446 8946

Elke plaas in Suid-Afrika maak gebruik van plaagdoders, hetsy sintetiese, natuurlike, biologiese of selfs organiese plaagdoders. Sulke middels wat as landboumiddels in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet No. 36 van 1947) bekend staan is produkte wat 'n bepaalde gevaar vir mense en die omgewing mag inhou. Dit is egter moontlik om die risiko wat plaagdoders inhou, te bestuur deur die nodige bestuursmaatreëls in plek te stel.

Vrugte en groente-uitvoerboere is alreeds onderworpe aan die sertifiseringsagentskap GlobalGAP se vereistes, nie alleenlik vir die verantwoordelike gebruik van plaagdoders nie, maar ook vir die veilige berging daarvan op sulke plase. Alhoewel min graanboere self direk uitvoer, is dit sinvol om ook bepaalde riglyne te volg vir die veilige berging van plaagdoders ten einde die risiko te verminder.

DIE STOORPLEK: LIGGING

Dit is raadsaam om die plaagdoderstroom ver weg van enige waterbronne soos stroompies, riviere, damme, panne en boorgate op te te rig. Dit moet ook weg van enige wonings, melkstalle, krale of hokke geleë wees. 'n Goeie area is langs die stoor waar implemente en trekkers geberg word. Bou die plaagdoderstoor aan die oostekant van die trekkerstoor sodat die middagson vermy word. Dit sal die stoor redelik koel hou.

DIE STOORPLEK: KONSTRUKSIE

Die konstruksie van die stoor moet stewig van bakstene of beton wees met 'n digte dak wat nie die stoor noodwendig laat oorverhit nie. konstruksiemateriaal moet verkieslik nie brandbaar wees nie. Die gebou moet goed geventileer wees, met ander woorde uittrekwaaiers is belangrik en dit moet verkieslik op die dak gemonteer wees. Vloere moet van beton gegiet wees (ten minste 75 mm dik), gelyk en glad afgewerk wees sodat enige verspilde plaagdoders nie in gleuwe inloop of deur beton geabsorbeer kan word nie. Deure en vensterrame moet van staal wees en daar behoort 'n stewige staal veiligheidshek by die ingang te wees. So 'n gebou sal ook diefstal bekamp. 'n Ryvlak van beton wat sowat 5 meter wyd is, sal toegang vergemaklik. Dit is raadsaam om 'n betonpaadjie van 500 mm wyd om die stoor te giet en dan dit af te rond met 'n twee-baksteen hoë keermuur indien daar grootskaalse verspilling is wat dan deur die muurtjie ingeperk sal word.

DIE STOORPLEK: WAARSKUWINGS

'n Groot waarskuwingsbord van minstens 750 x 500 mm moet langs die stoor se deur aangebring word met die volgende items daarop:

Skedel en kruisbeen in rooi saam met die woord **GEVAAR** in dik rooi letters

TOEGANG SLEGS VIR GEMAGTIGDE PERSONE in dik swart letters.

PLAAGDODERSTOOR in dik rooi letters.

ROOK, EET EN DRINK VERBODE in dik swart letters.

BESKERMENDE KLERE in dik swart letters gevolg deur die items wat gedra moet word soos rubberstewels, rubberhandskoene, volle oorpak, gesigsmasker en hoofbedekking.

NOODNOMMERS in dik rooi letters gevolg deur:

Plaaseienaar se naam plus telefoonnommer.

Bestuurder se naam plus telefoonnommer.

Brandweer plus telefoonnommer.

Polisie plus telefoonnommer.

Hospitaal plus telefoonnomer.

Gifinfligtingsentrum plus telefoonnommer.

So ‘n bord behoort buite op ten minste een ander muire aangerbing te word.

STOORPLEK: NOODTOERUSTING EN OPRUIMINGSTOERUSTING VIR VERSPILLINGS

Noodtoerusting.

Daar moet voldoende brandbestrydingstoerusting wees naamlik droë materiaal brandblussers en sand. Daar moet ook ‘n standaard noodhulpkissie in die stoor wees en verkieslik ‘n lugdigte plastiektrommel geberg word sodat dit nie deur plaagdoderdampe gekontamineer word nie. Daar moet ‘n oogspoelbak met skoon water beskikbaar wees; dit kan ‘n gewone plastiekdrom wees met ‘n sagte plastiekbottel wat water in die oë kan spuit.

Opruimings-toerusting vir verspillings.

‘n 210 liter oopbek plastiekdrom met ‘n deksel, groot plastieksakke, ‘n plastiese of vlekvrye staal graaf, skoppie, plastiekbesem, vermikuliet en saagsels is nodig om verspillings op te ruim. Die vermikuliet of saagsels word oor die versplilde materiaal gestrooi en vir ‘n halfuur gelaat om dit te absorbeer waarna dit met die besem, graaf en skoppie opgetel word en in ‘n plastiek gegooi word. Seël dan die sak met sterk kleefband en stoor dit totdat dit afgevoer kan word vir vernietiging deur ‘n maatskappy wat in die bestuur van gevaarlike afval spesialiseer. Sien op www.croplife.co.za onder Waste Management vir dié maatskappye se kontakbesonderhede.

STOORPLEK: WAARSKUWINGS KENNISGEWINGS

Binne die stoor moet die volgende kennisgewingsborde aangebring word:

Brandtoerusting, beskermende klere wat gedra moet word, ontsnaproetes, oogspoelbak, eet, drink en rook verbode. Hierdie tipe tekens is by kooperasies en hardeware winkels beskikbaar.

STOORPLEK: VEILIGE BERGING EN VEILIGE WERKPLEK

Dit is raadsaam om plaagdoders altyd op nie-absorberende rakke of plastiekpalette te berg. As houers op die betonvloere staan, damp water op en maak houers klam en beskadig etikette. Onkruiddoders wat met die pers vierkante op etikette geïdentifiseer word, moet altyd heel onder geplaas word as middels op verskillende rakke geberg word. Insekdoders en swamdoders moet bo onkruiddoders geberg word. Alle rooibandprodukte moet agter slot en grendel toegesluit word. Vlambare middels moet van nie-vlambare middels geskei word en apart geberg word. Maak seker etikette van houers word nie beskadig nie en hou altyd ‘n leêr met ‘n etiket afskrif van elke middel op datum.

Skoon water moet by die stoor beskikbaar wees en ’n veiligheidsstort moet verkieslik buite opegrig word. Alle beskermende klere, insluitende respirators en filters wat gebruik word, moet in ’n lugdigte plastiektrommel in die stoor gebêre word – dit kan ook die trommel wees waarin die noodhulpkissie geberg word

Die stoor moet altyd gesluit wees en die sleutel moet deur slegs een verantwoordelike persoon gehou word.

STOORPLEK: REKORDHOUDING

‘n Voorraadboek moet bygehou word waarin alle voorraad wat inkom aangeteken word en voorraad wat gebruik word moet daarteen ingeskryf word. Handhaaf die beginsel dat die oudste middels altyd eerste opgebruik word en die nuwe voorraad eers gebruik word as die ou voorraad opgebruik is.